# DIE MILLENNIUM [1]

1. Inleiding:

Die woord „Millennium" is in die Christelike Teologie die gebruiklike woord om die tydperk van duisend jaar aan te dui, wat beskryf word in Openb. 20 vs. 1-10, 'n tydperk waarin die Satan gebind sal wees in die afgrond, en wanneer die martelaar-heiliges saam met Christus sal regeer op aarde in 'n vrederyk. Al na die eksegese van hierdie perikoop, word oor hierdie tydperk verskillende opvattings gehuldig. [1] Dit word gesien as die tydperk, hetsy teenwoordig of toekomstig, hetsy beperkt of onbeperkt, — die tydperk waarin die Koninkryk van Christus op aarde gevestig sal word, en wanneer Christus oor alle magte van die bose sal triomfeer. [2] Of dit word gesien as die tydperk waarin Christus in liggaamlike teenwoordigheid vir duisend jare saam met Sy heiliges sal regeer op aarde.

In l.g. betekenis word dit verbind met die opvatting dat Christus se wederkoms sal plaasvind vóór die Millennium. Dit is in hierdie

---

[1]) Lesing voor die Predikantevergadering van die Ned. Hervormde Kerk, te Pretoria, die 14de Febr. 1946.

betekenis dat die woorde „Millennium" en „Chiliasme" gewoonlik gebruik word.

Kenmerkend vir hierdie leer in al sy variasies, is die geloof in 'n tydperk van oorwinning en seëninge vir die heiliges op aarde, 'n tyd wanneer vervul sal word die woorde van Mat. 5 vs. 5: die sagmoediges sal die aarde beërwe,—'n tydperk wat duidelik onderskei word van. en voorafgaan aan die uiteindelike volle saligheid in die toekomende wêreld. Hierdie selfde gedagte vind ons dikwels in die Joodse Apokaliptiek. [2]

2. Die Begrip van die „Millennium" is Afkomstig uit die Joodse Apokaliptiek:

Hier het dit ontstaan uit 'n kombinasie van twee opvattinge in die Joodse Eskatologie. In die Ou Testament is Israel se verwagting van die komende heil hoofsaaklik beperk tot hierdie wêreld as die toneel van die heil, en tot die welsyn van die nasie. Die Ou Testamentiese profete het uitgesien na die openbaring van God's Koningskap, bevryding en reiniging van die volk, wêreld-heerskappy vir Israel, koninklike heerskappy van die Dawidiese Messias, versameling van die verstrooides, die heerlikheid van Jerusalem, vrugbaarheid van die land, uiterlike seëninge en Godsgemeenskap. Die toneel van hierdie koninkryk sal die aarde wees, gereinig van sonde en geweld. God self óf die Messias sal die koninkryk kom oprig.

Maar geleidelik het daar 'n ander, 'n transkendente opvatting van die koninkryk ontstaan. Die twee ryke van Israel en Juda het tot 'n end gekom. Teleurstelling op teleurstelling het gevolg vir die verwagtinge van 'n luisterryke nasionale herstel van Israel. In die skool van lyding en teleurstellings het Israel al meer en meer daartoe gekom om in te sien dat hierdie bedorwe aarde nie 'n geskikte toneel is vir 'n gereinigde Messiasryk nie. In hierdie wêreld heers die Satan en sy engele. Hierdie wêreld is vir die heidene. Die volk van God word verdruk. Die heidene triomfeer oor Israel. Die God van geregtigheid hou sig verborge, en vergeld die heidene nie, en verlos Israel nie. Die hoop op 'n betere toekoms het egter nie gesterf nie, maar die verwagtinge het geleidelik transkendent geword. Die kloof tussen die droewige hede en die ligtende toekoms het al wyer en wyer geword; dit het 'n kloof geword tussen hierdie wêreld en die toekomende wêreld (*olam hazzé* en *olam habbā*.) En die toneel van die koninkryk en die heil is nie meer die aarde nie, maar die toekomende bedéling, die *olam habbā*. Ander veranderinge wat ingetree het, is o.a. die verwagting van 'n hemelse Messias, i.p.v. die ondeugdelike

[2]) Sien „Dictionary of the Apostolic Church", Ed. by J. Hastings. Die Artikel oor die Eskatologie, w.i. onderdeel "The Millennium," asook „Dictionary of the Bible", die artikels „Eschatology" en „Millennium".

aardse vorste, wat altyd maar weer teleurstel. Denk bv. aan die Hasmoneërs.

So kry ons in Daniel (168—165 v. Chr.) die verwagting van 'n hemelse Messias, die Seun van die Mens (Dn. 7 vs. 13) wat kom op die wolke van die hemel. En waar die verwagtinge op 'n betere toekoms vir die nasie teleurgestel word, daar kom die indiwidu nou meer tot sy reg. In die vroeëre eskatologie het die Israeliet sy verwagtinge gestel in die nasie as geheel,—nasionale eskatologie. Maar toe die nasionale en staatkundige bestaan van Israel op 'n end gekom het, en na 'n tydelike herstel daar weer teleurstelling ingetree het, het die lot van die indiwidu meer na vore gekom; en die verwagting vind o.a. uitdrukking in die opkoms van die geloof in die persoonlike opstanding (Vgl. Dn. 12 vs. 1 en 2.) As daar geen heil vir die nasie as geheel is nie, dan tog vir die gelowiges afsonderlik. Verder kry ons die gedagte van 'n wêreldgerig, waarin die boosheid en sonde wat in hierdie wêreld triomfeer, veroordeel sal word, die teenstelling hemel—hel, die nuwe Jerusalem. Die toneel van die gesaligdes is nou nie meer die aardse Messiasryk nie, maar die komende wêreld, die hemel. Tog bly in die Joodse Apokaliptiese Literatuur, waarin hierdie ontwikkeling tot uitdrukking gekom het, die Joodse volk steeds in die middelpunt. Die einddoel is die uitredding en verheerliking van Israel.

Maar met die opkoms van hierdie transkendente verwagtinge het die ouere verwagtinge nie meteens en vir goed verdwyn nie. Telkens vlam die geesdriftige hoop vir Israel se nasionale herstel maar weer op. So sien ons dat een van die grootste struikelblokke van die Jode om die Godsrykverkondiging van Christus te verstaan, juis hulle aardsgesinde nasionaal-beperkte Messiasverwagting was. As Christus begin met Sy prediking: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het nabygekom—dan verwag Sy volk die herstel van 'n aardse koninkryk. Selfs Christus se disiepels vra Hom nog, nadat Hy uit die dode opgestaan het (Hd. 1 vs. 6): „Here gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?" Ook die ouere verwagting het dus bly lewe.

### 3. Die Tussenryk [3]

So kry ons dan in die Joodse Apokaliptiese geskrifte die twee verskillende gedagtereekse, nl. die verwagting van 'n aards-begrensde Messiasryk en de gedagtereeks van 'n transkendente apokaliptiese ryk. In die meeste Joods-apokaliptiese geskrifte is beide reekse aanwesig, maar hulle is in die eienaardigste vorme met mekaar vermeng.

---

[3]) Vgl. W. Bousset: „Die Religion des Judentums" (J. C. B. Mohr—Tübingen, 1926, 3de uitgawe, bls. 286-289: „Die Idee des Zwischenreiches."

Die ouere voorstellings en die nuwere staan vlak naasmekaar, sodat dikwels 'n eenheid van voorstelling in die Joodse Apokaliptiek ontbreek. So oorheers bv. in die oudste dele van 1 Henoch [4]) die aardssinnelike Messiasverwagtinge, maar orals dring transkendente bestanddele in. In die „Testament van die XII Patriarge" [4]) oorheers die transkendente. In die Psalme van Salomo ([4]) 2, 8, 17, 18 is die blik deurgaans gerig op die „Diesseits" en die Messiaanse eeu in engere sin. Die „Hemelvaart van Moses" beskryf die end van die wêreld as 'n geweldige stryd van God met die Satan,—maar dit kom nie tot die gedagte van wêreldgerig en vergelding hiernamaals nie. Die uitsig bly politiek-nasionaal beperk. Die resultaat van die groot stryd is die oorwinning van Israel oor sy vyande. Maar dan tree bv 2 Henoch die transkendente duidelik na vore—die verwagting van die groot ewige aeoon. Hier het die nasionale aansprake heeltemal verdwyn. Die groot oordeel word voltrek volgens sedelik-religieuse maatstaf.

In die Joodse Apokaliptiese literatuur kry ons dus dikwels onmiddelik byeen die grootste verskeidenheid van gedagtes, uit die twee genoemde gedagtereekse deureengestrengel. Dit het in die Apokaliptiese stof 'n verwarrende chaotiese indruk veroorsaak. Daar moes poginge aangewend word, om in hierdie bont massa van voorstellings sisteem en orde te skep. In die leer van die tussenryk het ons so'n poging. Hiermee word bedoel dat tussen die aardse Messiasryk en die transkendente hemelryk 'n tussenryk ingevoeg word. In die leer van die tussenryk skei sig dus die dubbele stroom, wat aanwesig is in die Joodse eskatologie—die aardse Messiasverwagting en die verwagting van 'n transkendente hemelryk.

Hier lê die wortels van die „Millennium". Die „Millennium" is maar êên variasie van die idee van die Tussenryk wat ons so dikwels kry in die Joodse Apokaliptiek. Daar is nog baie ander variasies, bv. oor die duur van die Tussenryk of Messiasryk. Hierdie motief van die Tussenryk kry ons die eerste by 1 Henoch, in die visoen van die wêreldweke (1 Hen. 93 vs. 1—14 en 91 vs. 11—19.) Die wêreldverloop word hier in tien wêreldweke verdeel. Die agste wêreldweek vorm die Messiaanse tyd. Die negende en tiende wêreldweek is die tyd van die wêreldgerig. Die Messiasryk is hier dus tydelik beperkt, en val vóór die wêreldeinde.

Reeds plus-minus 50 N. Chr. ken Paulus waarskynlik ook die idee van die tussenryk. ([5]) Die „einde" waarvan in 1 Kor. 15 vs. 24 gepraat word, omvat in die verse 23—28 'n langere tydsruimte. Want

H.V.V. TURFFONTEIN
Nr. ..........
BIBLIOTEEK

---

[4]) Sien die uitgawe van Emil Kautzsch: Die Apokryphen und Pseudepigraphen des A.T.'s Tübingen — Mohr, 1900) (Inleiding en Vertaling) vir hierdie Apokaliptiese geskrifte.
[5]) Vgl. P. Feine: Theologie des Neuen Testament, 5te Auflage Hinrichs, Lpz. 1931 bl. 444.

die voorstelling is hier dat Christus met Sy wederkoms die heerskappy op Hom neem en regeer totdat Hy alle godevyandige engelemagte en alle vyande van God neergewerp het, en tenslotte ook die dood vernietig het. (1 Kor. 15 vs. 26). Maar as dit bereik is, tree Christus terug en gee die heerskappy oor aan God die Vader, sodat God kan wees alles in almal (1 Kor. 15 vs. 28). Hier is ook 'n tydelike heerskappy van Christus, die Messias, maar die toneel is nie die aarde nie, en Israel is nie die middelpunt nie. Paulus het hierdie Apokaliptiese voorstelling hier heeltemal vergeestelik en in diens gestel van die Christelike toekomsverwagting.

Sedert ongeveer die helfte van die eerste eeu N. Chr., verkry hierdie gedagte van die tussenryk dan die oorhand in die Joodse Apokaliptiek. Dit tree in duidelike vorm na vore in Opb. 20 vs. 1—10. Ongeveer in dieselfde tyd as wat Opb. geskryf is, orden ook die skrywers van 4 Esra en 2 Baruch hulle ryk Apokaliptiese stof deur die aanname van 'n tussenryk. Volgens 4 Esra 7 vs. 28v. sal die Messias 400 jaar regeer en dan sterwe,—en dan eers staan die dodes op en begin die ewige oordeel. Volgens die Arendvisoen in 4 Esra 12 vs. 34 vv. loop die Messiasryk ten einde as die einde kom en die dag van die gerig verskyn.

Volgens 2 Baruch 30 (Vgl. 29 vs. 3) keer die Messias aan die end van sy heerskappy in die hemel terug, en dan volg die opstanding.

Hierdie onderskeiding tussen die Messiaanse tussenryk en die groot finale einde, beheers ook grotendeels die latere dogmatiek van die Rabbyne. In die voor-Christelike Sinagoge het die tyd van die absolute voleinding begin met die optrede van die Messias. Dit wil dan sê dat die heerskappy van die Messias vir ewig duur. In die na-Christelike Sinagoge word egter onderskei tussen die dae van die Mesias en die voleinding in die *olam habbā*, die toekomende bedéling. Die Messias-heerskappy is tydelik beperk, die *olam habbā* duur vir ewig. Volgens 'n debat, wat aan die einde van die 1e eeu gehou is, oor die duur van die Messiasryk, word as beslissinge van verskillende rabbyne o.a. die volgende aantal jare genoem 40, 400, 1,000, 2,000 jaar. Verdere uitsprake is bv. 70, 60, 600, 365,000, 7,000, 4,000 jaar. [6])

Rabbi Eliezer ben Hyrkanos, (plus-minus 90 N. Chr.) dus ongeveer in die tyd van die ontstaan van die Openbaringe van Johannes, is die eerste rabbynse outoriteit wat die opvatting van die duisendjarige heerskappy van die Messias verteenwoordig. Dit wil egter nog nie sê dat hy die skepper van hierdie opvatting is nie; hierdie opvat-

---

[6]) Vgl. W. Bousset: „Die Religion des Judentums" bl. 286-289, asook Strack-Billerbeck: „Kommentar Zum Neuen Testament. Erläuterungen aus Talmud und Midrasch" Beck-München, 1926. Bd. III bl. 823 v.v.

ting is waarskynlik reeds vroeër in die Joodse skole geleer. [7]) Daar is dus geen chronologiese beswaar daarteen nie, om aan te neem dat die skrywer van die Openbaringe van Johannes die duisendjarige heerskappy op aarde van die terugkerende Christus, geformuleer het in aansluiting aan die Joodse tradisie van die duisendjarige Messiasryk.

## 4. Eskatologie en Apokaliptiek.

Die voorafgaande opmerkings oor die opkoms van die gedagte van die Messiaanse Tussenryk in die Joodse Apokaliptiek, laat ons duidelik sien, waar die sleutel lê vir die regte verklaring van Openb. 20 vs. 1—10. Vir 'n duidelike begrip van hierdie probleem is dit nodig dat ons aandag skenk aan die eskatologie tussen die Ou en Nuwe Testament. Soos dit rykelik tot uitdrukking kom in die Joodse apokaliptiese literatuur. Dan sal ons ook meteens merk dat die Openbaringe van Johannes oorvloedig gebruik maak van die apokaliptiese tradisiestof, en dit gebruik as inkleding, as voorstellingsmateriaal vir sy Christelike toekomsverwagtinge. Al is Openbaringe oorgelewer in Grieks en al is die inhoud Christelik tog het ons hier voor ons 'n boek in Joodse gewaad. Om hierdie rede moet ons baie duidelik onderskei tussen eskatologie en apokaliptiek, d.i., duidelik onderskei tussen die groot verwagting van Christus se wederkoms, (en wat daarmee saamhang) en die beelde en visioene, die apokaliptiese kleure waarmee hierdie verwagting uitgebeeld word. [8]) Dit is duidelik dat ons hierdie digterlike beelde en visioene, die simboliese getalle, waarin in Openb. oorvloedig gebruik gemaak word, nie letterlik kan verklaar nie. Dit bring ons dan by die vraag: Hoe moet ons die boek Openbaringe, en dus ook die perikoop oor die duisendjarige Ryk verklaar? Die fout van die Chiliaste is m.i. juis dat hulle met bogenoemde gegewens geen rekening hou nie, en 'n skrifgedeelte soos b.v. Openb. 19—22 eenvoudig letterlik opneem, en beskou as 'n letterlike en chronologiesjuiste weergawe van die dinge en gebeurtenisse van die eindtyd. Met so 'n verklaring kom mens dan tot 'n opvatting soos wat mens b.v. vind in die boekie van Dr. D. R. Snyman: „Die komende Christus en die komende Krisis," Cristelike Uitgewersmaatskappy, Johannesburg, 1940. Dr. Snyman neem alles letterlik op, en skyn alles noukeurig te weet. Tekste uit die Ou Testament en Nuwe Testament word sonder onderskeid aangehaal, en sonder om te let op die historiese verband, waarin die tekste voorkom.

---

[7]) Strack-Billerbeck: Kommentar Zum N.T. bls. 827.

[8]) Vgl. Dr. A. M. Brouwer: „Wereldgericht" pg. 5 v.v., en Obbink-Brouwer: Inleiding t.d. Bybel, bl. 276 v. oor die Apokaliptiek, en bl. 389 v.v. die hoofstuk oor die Openb. van Joh.

'N VOORBEELD VAN CHILASTIESE VERKLARING:

In die genoemde boekie van Dr. Snyman wat 'n Chiliast is, vind ons die volgende skema van die eindtyd: Met die wederkoms van Christus vind die eerste opstanding plaas van die Saliges wat in die Here gesterf het. (1 Thess. 4 vs. 14—18.) By die woorde: „die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan" merk Dr. S. op: „Hier het ons die Salige of eerste opstanding." (bls. 84). Oor Joh. 5 vs. 28—29 waar moontlik 'n gelyktydige opstanding van regverdiges en onregverdiges gelees kan word, sê Dr. S.: „Gelyktydige voorspelling laat egter nie besluit tot gelyktydige vervulling nie. In Joh. 5 vs. 28—29 word nie gesê dat hulle dieselfde tyd sal opstaan nie." Saam met die lewende gelowiges word dié wat deel het in die eerste opstanding dan met Christus opgeneem in die lig as sy bruid. (1 Thess. 4.) Hierna volg dan die groot verdrukking, wanneer die kwaad tot volle openbaring kom, en die Antichris verskyn. Volgens Dr. S. sal die Antichris voortkom uit die vierde wêreldryk van Dn. 2, nl. die Romeinse wêreldryk, wat volgens hom vandag nog voort bestaan. Die Satan wie se verblyf in die lug was, word na 'n stryd met Michael en sy engele neergewerp na die aarde. (Opb. 12 vs. 7—10); hy daal neer na die aarde met groot woede en veroorsaak die groot verdrukking. Maar voordat die groot verdrukking begin word die 144,000 „diensknegte van onse God" van Opb. 7 vs. 3 aan hulle voorhoofde verseël. Hierdie verseëldes is die bekeerde Israel. Die Antichris maak aan die begin eers 'n verbond met die Jode, en gee aan hulle godsdiensorgheid, maar na 3½ jaar verbreek hy die verbond en eis dan aanbidding vir sy eie persoon (2 Thess. 2.) Omdat die Joodse volk hulle hierteen verset, sal daar 'n gruwelike vervolging teen hulle plaasvind, — die groot verdrukking,—„die tyd van benoudheid vir Jakob." (Jer. 30 vs. 7) bls. 105. Dit sal uitloop op die slag van Harmageddon. Maar as die nood op sy hoogste is, dan sal Christus sigbaar verskyn en Israel verlos. Maar hierdie uur van verlossing is ook die oomblik van bekering vir die hele Israel. Dan sal die Joodse nasie opsien na hulle Messias wat hulle deurboor het. In één oomblik sal die Joodse nasie verteder word deur die wonderlike ontferming van Jesus Christus, hulle sal trane van bittere berou stort oor hulle Messiasverwerping, en hulle sal in één oomblik as nasie tot bekering kom. (Sag. 12 vs. 10) vgl. bls. 115. Die nasies wat teen Jerusalem saamgekom het, word deur God self verpletter (Opb. 19 vs. 19, 21.) Dan word die Antichris en die valse profeet, wat volgens Dr. S. uit Roomse kringe sal voortkom, in die vuurpoel gewerp (2 Thess. 2 vs. 8, Opb. 19 vs. 20), en die Satan vir duisend jaar gebind en in die afgrond gewerp. Dan daal Christus met Sy bruid na die aarde neer vir die duisendjarige vrederyk (Opb. 20 vs. 1—6.). Dan begin die vrede-

ryk. Die martelare wat tydens die groot verdrukking hulle lewe geoffer het, staan nou op, en leef en regeer saam met Christus vir 1,000 jare (Opb. 20 vs. 4.) Dan word vervul die woord van Matth. 5 vs. 5, dat die sagmoediges die aarde sal beërwe. Na die duisend jaar voleindig is, sal die Satan weer losgemaak word uit sy gevangenis. Die vrede is dan op 'n end, die Satan voer uit die vier hoeke van die aarde die nasies aan ,teen die laer van die heiliges en die heilige stad" (Opb. 20 vs. 9)—die stryd van God en Magog. Maar vuur uit die hemel verslind hulle leërs. Satan word gewerp in die poel van vuur en swael, waar die dier en die valse profeet reeds is. En dan verskyn die groot wit troon (Opb. 20 vs. 11 v.) en vóór die troon staan die dodes klein en groot om geoordeel te word. Volgens Dr. S. het ons hier die opstanding alleen van die goddeloses, d.i. die onsalige opstanding; as veroordeeldes word hulle almal gewerp in die poel van vuur (Opb. 20 vs. 15). Hierna word die laaste vyand, die dood ook vernietig, en die dood en die doderyk word gewerp in die poel van vuur." Dan word die aarde en die hemel (-ruim) vernuut (Opb. 21 1v), gereinig deur vuur, volgens 2 Petr. 3 vs. 10. Die vernieuwde aarde sal die finale heerlike verblyfplek van Gods kinders wees. Die heilige stad, die nuwe Jerusalem daal neer op die aarde (Opb. 21 vs. 1—3). Volgens Dr. S. vind ons in Opb. 21 'n letterlike en juiste beskrywing van die hemelse Jerusalem, die Godstad; God self sal dan op die aarde wees, en Hy sal by die mense woon. Die aarde is die sentrum van die vernieuwde skepping. Dan is vervul die woorde van Ps. 23: „En ek sal in die huis van die Here bly tot in lengte van dae"—aldus Dr. S.

Dr. S. vind dus in Opb. 19—22 'n letterlike en chronologiese beskrywing van die dinge van die eindtyd, en misken die karakter van Opb. van Johannes as apokaliptiese literatuur, wat by herhaling en met wisselende beelde, en met toenemende dramatiese krag die naderende einde verkondig. Daar moet duidelik onderskei word tussen die eskatologie, die verwagting self, en die Apokaliptiek, d.i. die beelde, die voorstellingsmateriaal waarmee hierdie verwagting uitgebeeld word. Die beelde en gesigte, die voorstellingsmateriaal is tradisionele stof by die Joodse Apokaliptiek. En hierin onderskei die Christelike eskatologie sig van die Joodse Apokaliptiek dat e.g. 'n sobere trekke die groot verwagting van die komende Christus en die wêreldeinde verkondig, terwyl die Joodse Apokaliptiek sig verlustig in 'n noukeurige en breedvoerige beskrywing van die eindtyd, dikwels met felle kleure en in die gees van die Joodse partikularisme.

### 6. Jesus en die Apokaliptiek:

Jesus het sig aangesluit by die sterk eskatologiese verwagting wat onder Sy volk geleef het in die 1e eeu. Maar by Hom vind ons

niks van die uitgewerkte taferele en fantastiese visioene van die wêreldeinde nie. By Jesus vind ons dus wel eskatologie maar heel weinig apokaliptiek, en die weinig wat daar is, is uiters sober. Tot die Apokaliptiek by Jesus kan gereken word o.a. „die Seun van die Mens wat kom op die wolke van die hemel," 'n voorstelling wat ons reeds vind in Dn. 7 vs. 13 en die voorstelling van die 12 disiepels wat op 12 trone sal sit, en die 12 stamme van Israel sal oordeel. By Jesus en Paulus vind ons niks van 'n duisendjarige vrederyk of tweërlei opstanding nie.

## 7. Die Apokaliptiek in die Openbaring van Johannes:

In die boek Openbaringe is ons midde in die Apokaliptiek. Die skrywer maak oorvloedig gebruik van die ryk apokaliptiese tradisiestof waarop algemeen — orientalistiese voorstellings ook invloed gehad het. [9]) Die boek Openbaringe bevat o.a. 7 x 7 visioene, [10]), afgewissel met lofsange. Die apokaliptiese visionêre is van mekaar of van die gemeenskaplike tradisiestof afhanklik. As hulle in ekstatiese toestande dinge sien i.v.m. die wêreldeinde, dan het hulle reeds in hulle gees bepaalde voorstellinge, o.a. uit wat hulle daarvan gehoor of gelees het. Hulle sien die visioene in die beelde van hulle eie bewussyn, wat met apokaliptiese stof gedrenk is. Die gesag van hierdie visioene vir ons is, dat die Openbaring van God daarin tot ons kan spreek, maar alleen in sover as wat dit die strekking van die visioene aangaan. Die beelde en visioene is alleen die vorm waarin die gedagtes van die Christelike verwagting geklee is. In die strekking van die visioene lê die openbaringselement. En dit vind ons dan ook in Openbaringe. Die boek het één sentrale gedagte, nl. dat Christus die Oorwinnaar is oor al die magte van die Bose, en dat dit by die naderende einde sal blyk. Hierdie naderende einde word telkens en by herhaling, met wisselende beelde en toenemende dramatiese krag, beskrywe. Die lofsange gee telkens die strekking van die visioene aan [11]). Dit is dus 'n vergissing as die uitvoerige beskrywinge van die visioene geneem word as die gesaghebbende openbaringsgedagtes oor die einde. Die visioene is slegs die tydelik-bepaalde inkleding van die Christelike toekomsverwagting. Ook hier geld dit dus dat ons hierdie skat (die Openbaring) in erde kruike het. 'n Letterlike verklaring van Openbaringe is dus foutief.

---

[9]) Vgl. Dr. A. M. Brouwer: „Wereldeinde en Wereldgericht" bl. 103-123.
[10]) A. M. Brouwer: Wereldeinde, bl. 110.
[11]) Vgl. Dr. J. de Zwaan: De Openbaring van Johannes. Haarlem, Erven F. Bohn, 1929, tweede druk. Die taferele van die verskillende visioene moet nie in mekaar se verlengde geskuif word nie maar gesien word as 'n herhalende verkondiging van dieselfde groot gedagte.

Die Siener self gee 'n hele aantal verklaringe, waaruit dit blyk dat die sintuiglik-waarneembare dinge waarvan hy praat sinnebeelde is van andere, bv. sinnelike of geestelike dinge [12]).

8. Die Verklaring van die Boek Openbaringe:

Van die mees-gangbare verklaringe van Openbaringe, die kerkhistoriese tydshistoriese en eindhistoriese verklaringe, meen ons dat die eindhistoriese verklaring, met enkele tydshistoriese toespelinge die boodskap van die boek van Openbaringe die meeste tot sy reg laat kom. Die Chiliaste se verklaring lê in die rigting van die kerkhistoriese. Die kerkhistoriese verklaring sien in Openbaringe profesie of voorspelling van die lotgevalle van die Kerk tot die einde toe. Die besware teen hierdie soort verklaring lê o.a. in die al te naïewe oud-supranaturalistiese opvatting van profesie, as voorspelling van bepaalde feite; verder dat hier die feit verbygesien word, dat in Openbaringe baie tradisionele stof verwerk is uit die Apokaliptiese literatuur wat nie so 'n letterlike verklaring verlang nie. Die tydshistoriese verklaringe weer wil alles laat sien op gebeurtenisse en toestande uit die tyd toe Openbaringe ontstaan het. Daar is seker tydshistoriese toespelings in die boek, maar as mens alles tydhistories uitlê, gaan dit te vêr. O.i. is die regte verklaring die eindhistoriese verklaring, wat in 1894 begin is deur H. Gunkel [13]), en voortgesit is deur W. Bousset. Hulle het die volle aandag gevestig op die gemeenskaplike tradisiestof wat eie is aan Openbaringe en ander Apokaliptiese geskrifte. Met die bekende beelde en voorstellinge wou Johannes die naderende wêreldeinde aanskoulik voorstel. Om sy tydgenote te bemoedig en onder die vervolginge (waarskynlik tydens Domitianus) tot standvastigheid aan te spoor, teken hy die naderende wêreldeinde, en die komende gerig. Met die gangbare Apokaliptiese voorstellinge maak hy aanskoulik die sekerheid dat Christus die Oorwinnaar is. Die beelde en visioene is die tydelik-bepaalde inkleding van hierdie groot verwagting, en hulle het as sulks nie meer waarde as enige ander digterlike beskrywing van die wêreldeinde nie, mits maar die verwagting self tot duidelike uitdrukking kom. Die verwagting self is van blywende betekenis, maar die Apokaliptiek is daarvan slegs die tydelik-bepaalde inkleding.

9. Die Eksegese van Openbaringe 20 vs. 1—10.

As ons nou met hierdie gegewens kom tot die verklaring van Openbaringe 20 vs. 1—10, dan kan ons nie vrede hê met 'n naïewe letterlike opvatting van die duisendjarige vrederyk nie. As die ander getalle in Openbaringe 'n simboliese betekenis het, waarom moet hier

[12]) Brouwer: Wereldeinde, bl. 127.
[13]) H. Gunkel: „Schöpfung und Chaos in Urzeit und Endzeit", 2te Aufl. 1921.

met die 1,000 jaar dan uitsondering gemaak word? Met so 'n letterlike verklaring, soos die Chiliaste wil, kry ons dan twee wederkomste van Christus, die eerste keer om die bruid van Christus tot Sig op te neem in die lug (1 Thess. 4) en dan vir die tweede keer aan die end van die groot verdrukking, waarop dan die duisendjarige vrederyk volg. Die res van die Nutestamentiese Eskatologie weet nie van 'n tweede wederkoms nie, maar leer, soos ook die Heidelbergse Catechismus, en ons Algemene Christelike Geloofsbelydenis, dat Christus weer sal kom „om te oordeel die lewendes en die dode." Hy kom as Regter uit die hemel, om al Sy vyande in die ewige verdoemenis te werp, maar alle uitverkorenes in die hemelse blydskap en heerlikheid tot Sig te neem (Vraag 52, Heid. Cat.), en nie om 'n tydelike vrederyk op aarde te stig nie.

Die Chiliasme leer ook twee opstandinge. Met die wederkoms van Christus vind die eerste opstanding plaas, (1 Thess. 4 vs. 14—18), en dan volgens Openbaringe 20 vs. 4 as Christus vir die tweede keer weerkom, en die duisendjarige Ryk oprig, die opstanding van die martelare, wat tydens die groot verdrukking onthoof is. Hierdie opstanding is volgens Dr. Snyman maar net 'n verdere insameling van die eerste opstanding. Aan die einde vind dan die opstanding plaas wat beskrywe word in Openbaringe 20 vs. 11 v., waar al die dode, klein en groot voor die groot wit troon staan. Dr. S. noem dit ten onregte die „onsalige opstanding" van die goddeloses, wat almal as veroordeeldes gewerp word in die poel van vuur (Opb. 20 vs. 15.)

In die Nuwe Testament word wel 'n onderskeiding gemaak tussen die opstanding van die regverdiges en goddeloses. In Lk. 14 vs. vs. 14, lees ons van „die opstanding van die regverdiges." Jh. 5 vs. 28, 29 maak onderskeiding tussen die opstanding van die lewe, en die opstanding van die veroordeling. In Hd. 24 vs. 15 berig Lukas as woorde van Paulus voor die regterstoel van Felix: „Ek het 'n hoop op God dat daar sal wees 'n opstanding van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges." Dis opmerklik dat Paulus self in sy briewe nêrens duidelik praat van die opstanding van die goddeloses nie. Lightfoot het egter daarop gewys dat ons in Fp. 3 vs. 11 die frase *eksanastasis ek nekron* het, d.i. die opstanding van tussen die dodes uit; en dit moet onderskei word van *anastàsis ton nekron* (opstanding van die dode.) Hierdie 2 frases korrespondeer resp. met „die opstanding van die lewe" en „die opstanding van die veroordeling" van Joh. 5 vs. 29.

Vir die opvatting van 'n onderskeie, maar tog gelyktydige opstanding van regverdiges en goddeloses kan pleit Joh. 5 vs. 28, 29, Mat. 25 vs. 32. Opb. 20 vs. 11., Hd. 24 vs. 15. Die Chiliaste is verplig terwille van hulle skema van die eerste en tweede opstanding, met

die 1,000 jarige ryk tussenin—om in Opb. 20 vs. 11 v. alleen die onsalige of tweede opstanding te sien. So sien Dr. S. selfs in Thess. 4 vs. 16 'n bewys van die eerste opstanding, in die woorde: „die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. [14]) Maar teenoor hierdie „eerste opstaan" staan in Thess. 4 vs. 16 nie 'n tweede opstanding nie, maar die „daarna" (*epeita*) sien op die nog lewende gelowiges, wat na die opstanding van die oorledenes, saam in die lug opgeneem sal word, die Here tegemoet.

In Opb. 20 vs. 1—10 het ons 'n visioen, waarvan die inkleding opgebou is uit die elemente van die Joods-apokaliptiese voorstelling van die Tussenryk, maar die gedagtes wat hierdie voorstelling uitbeeld is suiwer-Christelik [15].) Ook hier kom na vore die gedagte dat Christus die Oorwinnaar is oor die magte van die duisternis. Die martelare wat hulle lewens offer terwille van „die getuienis van Jesus en die Woord van God" hoef nie te vrees nie. Hulle sterf nie vir 'n verlore saak nie. Hulle sal eenmaal deel in die koninkryk en heerlikheid van Christus (Opb. 20 vs. 6.) Die Satan en al sy handlangers sal eenmaal vir goed in hulle werk gestuit word, en die ewige oordeel ontvang. Die binding van die Satan vir 1,000 jaar, beteken dat die Satan verhinder sal word om in die geskiedenis en in die wêreld die werk van God te verstoor. Die getal 1,000 is die getal van die volkomenheid in die tyd en in die ruimte." [16]) D.w.s. in alle eeue en oor die hele aarde gaan Gods werk voort, sonder dat Satan dit kan vernietig. Hier is weer die sekerheid van die oorwinning van Christus. Onder „eerste opstanding" (Opb. 20 vs. 5, 6) verstaan Drs. J. Willemze [17]) „een staat van zaken, die vrucht is van overgang van dood in leven."—d.i. die oorgang uit die geestelike dood in die ware lewe van gemeenskap met God, deur die geloof in Christus Jesus,—dieselfde wat Johannes in sy Evangelie „die ewige lewe," of „ewigheidslewe" noem. Dat „eerste opstanding" 'n geestelike betekenis het, blyk o.a. ook hieruit dat in Opb. 20 vs. 6 teenoor die eerste opstanding" nie staan „die tweede opstanding" nie, maar „die tweede dood." Die duisendjarige ryk kom nie eers aan die einde as 'n aardse ryk nie, maar bestaan reeds sedert die troonsbestyging van Christus in Sy hemelvaart. Aan die kruis het Christus sterwende die oorwinning behaal oor die magte van die duisternis. Drs. J. Willemze sê [18]) dat die genot van hierdie ryk reeds gesmaak is onder die oue bedeling deur almal wat geleef het in verwagting van die komende „Heilsvors." Reeds Origenes het die Chiliasme vergeestelik. Augustinus

---

[14]) Dr. Snyman: „Die Komende Christus", bl. 84.

[15]) H. J. Holtzmann: Lehrbuch der Neutestamentliche Theologie. Tübingen 1911. Bnd. I., s. 542 f.

[16]) So Drs. J. Willemze: „De Openbaring van Johannes" in Serie Tekst en Uitleg, J. B. Wolters-Groningen — Den Haag, 1924, bl. 150 v.

[17]) Drs. J. Willemze: „De Openbaring", bl. 151.

[18]) t.a.p., bl. 151.

het die perikoop oor die Duisendjarige Ryk uitgelê as betrekking hebbende op die Koninkryk van Christus op aarde, waar dit te kampe het met demoniese magte. Met hierdie verklaring het Augustinus die heersende eskatologiese vereenvoudig en vergeestelik, en die oudchristelike Chiliasme finaal oorwin [19].) In die Middeleeue is die Chiliasme weer opgevat deur sektes, in die 16e eeu deur Anabaptiste, in die 19de eeu deur Darbiste en Adventiste.

Die loslating van die Satan na die 1000 jaar (Opb. 20 vs. 7), en sy laaste kragsinspanning, verteenwoordig 'n voorstelling wat bekend is in die Ou Testament en Nuwe Testament, nl. die laaste kraginspanning van Satan en die volle openbaring van die magte van die duisternis aan die einde. In die Nuwe Testament vind ons hierdie verwagting in „die groot verdrukking" (Mat. 24), in die afval, en die openbaring van „die mens van sonde," die „Seun van die verderf," wat die Here deur die verskyning van Sy wederkoms tot niet sal maak, (2 Thess. 2 vs. 1—12), in Opb. 13 as die wêreldryk van die dier, of die Antichris. In Opb. 20 vs. 8 is Gog van Magog (in Eseg. 38, 39 is dit Gog van Magog) gode vyandige volkere wat onder aanvoering van Satan optrek teen die gemeente van die Heer (hier aangedui deur „die leerplaas van die heiliges," en die „geliefde stad.") Dan gryp God self in om te verlos (Opb. 20 vs. 9—10, 2 Thess. 2 vs. 8.) Hier het ons dan weer die sentrale gedagte van Openbaringe: Christus Triumphator, ook as die magte van die hel die felste woed, en die Satan al sy kragte inspan. Vir goed en vir ewig word hy, die grootmeester van die kwaad, oorwin en in die vuurpoel gewerp.

Hiermee is nie alle vrae beantwoord nie. Dit sal wel blyk dat daar probleme bly. Maar ons meen die rigting aangewys te hê waarin ons die regte verklaring moet soek van hierdie moeilike boek, wat die koninkryk en die krag en die heerlikheid van Christus so sterk op die voorgrond stel.

S. P. VAN RENSBURG.